



# Opsies wanneer u by u werkgewer aftree

Wees gereed om ingeligte  
besluite oor u geld te neem



A man with a beard, wearing a green quilted jacket over a light blue shirt, is sitting on a train. He is looking out the window to his right while holding a tablet computer. The train interior features green seats with light blue headrest covers. The window shows a blurred view of a red building outside.

Op hierdie stadium van u loopbaan sal u meer wil weet oor wat u opsies vir aftrede is. As u besluit om 'n pensioen te koop, sal u wil weet watter soort pensioen vir u sal werk. In hierdie brosjure verduidelik ons verskeie opsies aan u, en ons kyk na die hoofvoordele en -nadele van elkeen.

# Nou aftree of later?

## Het u geweet?

Om op die ouderdom van 65 eerder as 55 af te tree, kan u vervangingsverhouding en u aftree-inkomste byna verdubbel.<sup>1</sup>

As u pensioengewende salaris R10 000 is, en u 'n vervangingsverhouding van 30% op die ouderom van 55 het, sal u aftree met R3 000 'n maand. As u eerder op die ouderdom van 65 aftree, kan u vervangingsverhouding verdubbel tot 60%, en u sal aftree met amper R6 000 'n maand.

jaar

55

Vervangings  
verhouding  
30%



Tree af met **R3 000** 'n  
maand

jaar

65

Vervangings  
verhouding  
60%



Tree af met **R6 000** 'n  
maand

Om twee jaar later af te tree, byvoorbeeld op die ouderdom van 63 eerder as 61, kan **8% tot 15%** bykomende aftree-inkomste byvoeg.<sup>1</sup>

<sup>1</sup> Member Watch™ Survey 2018

Income projections at retirement are based on the following assumptions: Preservation: no withdrawals from retirement fund(s) before retirement | Contribution rate: approximately 12% of yearly salary | Yearly salary increase: inflation + 2% | Investment return: inflation + 4.5% | Target: 75% of inflation as an increase in pension income | Gender: male

## Die waarde van advies

Om persoonlike inligting en advies van een van ons finansiële konsultante te kry, kan u help om beter besluite te neem en die sukses van u aftrede verbeter.

### My Money Matters-sentrum

Tel: 0860 000 381

E-pos: [mymoneymatters@alexforbes.com](mailto:mymoneymatters@alexforbes.com)

Skandeer hier





Opsie

**A**

## Defer

(tree later af)

Dit beteken dat u by u werkgever sal aftree op u maatskappy se aftree-ouderdom, maar u kan u aftreespaargeld in die fonds belê hou tot u kies om u aftreespaargeld te ontvang.

# Wat om in gedagte te hou as u kies om aftrede in u werkgewer se fonds uit te stel:

- ⊗ U en u werkgewer sal nie tot u fonds bydra nie.
- ⊗ U sal nie dieselfde voordele soos lewens- en ongeskiktheidsversekering hê nie

**Wenk: Bespreek 'n voortsettingsopsie met u finansiële adviseur.**

- ⊗ U aftreespaargeld sal in die fonds belê bly.
- ⊗ Daar sal steeds beleggingsfooie en administrasiekoste wees.
- ⊗ Positiewe of negatiewe beleggingsopbrengste sal by u belegging in die fonds gevoeg word of daarvan afgetrek word tot op die datum waarop u besluit het om u aftreespaargeld te ontvang.

## U kan:

### IN die fonds uitstel

U hou u geld in u werkgewer se aftreefonds tot u gereed is om af te tree. Moontlike voordele is dat fooie en heffings minder kan wees as met ander opsies.



U sal belê bly in die beleggingsportefeulje waarin u belê was op u aftree-ouderdom, tensy u in 'n geslote portefeulje belê is of van beleggingsopsie verander.

## U kan:

### U kan: BUIITE die fonds uitstel

U plaas u geld oor in 'n goedgekeurde aftree-annuïteitsfonds (of 'n bewaringsfonds vanaf 1 Maart 2019) tot u gereed is om af te tree.



Wanneer u besluit om die oordrag te maak, neem die fooie in ag, en ook of u sal kan aanhou om bydraes te maak. As u steeds vrae het, praat asseblief met 'n finansiële adviseur.





Opsie




**B**

## Neem 'n pensioen (wanneer u aftree)



As u 'n inkomste wil begin kry direk nadat u u maatskappy se aftree-ouderdom bereik het, kan u 'n pensioen neem. Daar is twee hoofpensioensoorte waaruit u kan kies:

- 1** Gewaarborgde pensioen
- 2** Buigsame pensioen

# Spaarfondslede, u beskikbare opsies is soos volg:

U potte	Lede van 55 jaar of ouer op 1 Maart – en u <b>sluit nie</b> by die tweepotstelsel aan nie	Lede van 55 jaar of ouer op 1 Maart 2021 – en u het by die tweepotstelsel <b>sluit nie</b> by die tweepotstelsel aan nie	Lede van 55 jaar of ouer op 1 Maart 2021 – en u <b>sluit nie</b> by die tweepotstelsel aan nie	Lede van 55 jaar of ouer op 1 Maart 2021 – en u sluit nie by die tweepotstelsel aan nie	Wat u met u aftreespaargeld kan doen wanneer u aftree
 <p><b>Spaarpot</b> - Een derde van u voortgaande bydraes wat ná 1 September 2024 gemaak is</p>	✗	✓	✓	✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>Neem al die geld in kontant of</li> <li>Gebruik dit om 'n inkomste vir aftrede te skep</li> </ul>
 <p><b>Aftreepot</b> - Twee derdes van u voortgaande bydraes wat ná 1 September 2024 gemaak is</p>	✗	✓	✓	✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>U moet hierdie geld gebruik om u inkomste vir aftrede op te stel.</li> <li>If the amount in your retirement pot, plus twee-derdes van u nie-gevestigde geld minder as R240 000 is, dan kan u met aftrede alles in kontant neem.</li> </ul>
 <p><b>Gevestigde pot</b> - is die geld gespaar vóór 31 Augustus 2024</p> <p><b>Nie-gevestigde geld</b> is die geld wat u gespaar het tussen 1 Maart 2021 en 31 Augustus 2024 of 1 Maart 2021 tot op die datum waarop u <b>verander het</b></p>	✓	✓	✓	✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>Use all or some of this money to buy an income for retirement.</li> <li>Take all the money in cash.</li> </ul>
	✗	✗	✓	✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>Neem een-derde van die geld in kontant.</li> <li>Gebruik dit om 'n inkomste vir aftrede te skep</li> </ul>

# Pensioen-en aftree-annuïteitsfondslede, u opsies is:

U potte	Pensioenfonds en aftree-annuïteit	Wat u met u aftreespaargeld kan doen wanneer u aftree
<b>Spaarpot - Een derde</b> van u voortgaande bydraes wat ná 1 September 2024 gemaak is		<ul style="list-style-type: none"> <li>U kan al die geld in kontant neem of</li> <li>Dit gebruik om 'n inkomste vir aftrede te skeep.</li> <li>Alle kontant wat geneem word, is onderhewig aan belasting</li> </ul>
<b>Aftreepot - Twee derdes</b> van u voortgaande bydraes wat ná 1 September 2024 gemaak is		<ul style="list-style-type: none"> <li>U moet hierdie geld gebruik om u inkomste vir aftrede op te stel.</li> </ul>
<b>Gevestigde pot -</b> Is die geld wat gespaar is vanaf 31 Augustus 2024 (minus u saaikapitaal)		<ul style="list-style-type: none"> <li>U moet ten minste twee derdes van hierdie geld gebruik om u inkomste vir aftrede op te stel.</li> <li>Indien die bedrag in u aftreepot, plus twee derdes van u gevestigde geld minder as R240 000 is, dan kan u hierdie geld in kontant neem.</li> <li>Alle kontant wat geneem word, is onderhewig aan belasting.</li> </ul>

## Wat u in gedagte moet hou voor u kies om 'n pensioen te neem:

- Wat is u lewenskoste?
- Hoeveel geld sal u elke maand nodig hê?
- Kan u dit bekostig om u spaargeld bloot te stel aan die opswaai en afswaai van die markte oor kort tydperke en vir langer in die markte belê bly?
- Hoe is u gesondheid?
- Wat sal gebeur as u langer leef as wat u verwag?
- eggenoot 'n inkomste nodig hê as u 'n sterf?
- Het u ander spaargeld wat u by u pensioen kan voeg?
- Moet u geld vir u geliefdes nalaat wanneer u sterf?

Om antwoorde vir al hierdie vrae te hê, sal u leiding gee oor watter soort pensioen aan u behoeftes sal voldoen.

# U opsies vir u pensioeninkomste

Hierdie bladsy en die een hierna gee vir u 'n oorsig van sommige van die hoofsoorte pensioene waaruit u kan kies. Praat met 'n finansiële adviseur voor u enige besluite neem.

## Gewaarborgde pensioen (lewensannuïteit)



### Inkomste

- ⊗ Dit is vir die res van u lewe gewaarborg.
- ⊗ U inkomste sal nooit verminder nie.



### Begunstigdes

- ⊗ U begunstigdes kan slegs 'n voordeel ontvang binne u gekose waarborgtydperk.



### Beleggingsrisiko

- ⊗ Daar is geen beleggingsrisiko nie (behalwe in die geval van 'n met-wins-annuïteit).
- ⊗ U inkomste word gewaarborg.



### Buigsaamheid

- ⊗ Dit is nie buigsaam nie.
- ⊗ U soort inkomste is vir die res van u lewe vasgestel sodra u 'n spesifieke inkomstesort gekies het.



### Inflasie

- ⊗ U geld kan koopkrag verloor as u nie 'n annuïteit kies wat aan inflasie gekoppel is nie.

## Soorte gewaarborgde pensioene (lewensannuïteite)

1

### Vasgestelde verhoging

- ⊗ Kies 'n uniforme jaarlikse verhoging, byvoorbeeld 3%, 5% of 10%.
- ⊗ Hoe groter die verhoging is, hoe laer sal die aanvanklike inkomste wees wat u sal ontvang.

2

### Met-wins

- ⊗ Beleggingsprestasie beïnvloed verhogings. Verhogings word bepaal deur die
- ⊗ versekeringsmaatskappy op grond van die beleggingsprestasie.
- ⊗ U verhogings kan meer of minder as inflasie wees.

3

### Inflasie-gekoppel

- ⊗ U inkomste is gewaarborg om met inflasie by te hou.

4

### Uniform

- ⊗ U inkomstebedrag is dieselfde vir die res van u lewe.
- ⊗ Die aanvanklike inkomste is hoog in vergelyking met ander opsies.
- ⊗ Inflasie verminder u koopkrag

# U opsies vir u pensioeninkomste

Ons beveel aan dat u met 'n finansiële adviseur praat om u te help om die risiko's en voordele van hierdie opsie te verstaan.

## Buigsame pensioen (lewende annuïteit)



### Inkomste

- ⊗ Die inkomste wat u kry, kan enigiets wees van 2,5% tot 17,5% van u totale belegging.
- ⊗ U kies u inkomstevlak.
- ⊗ There's a risk that you may outlive your savings.
- ⊗ Daar bestaan die risiko dat u langer kan leef as waarvoor u spaargeld beskikbaar het.
- ⊗ U inkomste is nie vir die res van u lewe gewaarborg nie.



### Begunstigdes

- ⊗ U kan begunstigdes nomineer om enige saldo te ontvang wat in u belegging oor is ten tyde van u dood.



### Beleggingsrisiko

- ⊗ U kies u beleggingsportefeuljes. Daar bestaan die risiko dat u belegging nie goed sal presteer nie.



### Buigsaamheid

- ⊗ Dit is buigsaam.
- ⊗ U kan kies om u inkomste een keer per jaar te verhoog of te verlaag op die verjaring van die belegging.



### Inflasie

- ⊗ U geld kan koopkrag verloor as u belegging nie goed presteer nie.

## Die waarde van advies

Die doel van finansiële advies is om individue te ondersteun om besluite te neem wat reg is vir hulle, op grond van hul persoonlike behoeftes en omstandighede. Mense wat finansiële advies ontvang, kan dit wat hulle het die beste benut, en hulle staan die beste kans om hul doelwitte te bereik.



Die AFRIS- lewende annuïteit is vir u beskikbaar as u fonds of werkgewer AFRIS geïmplimenteer het. U kan dalk voordeel trek uit laer fooie in hierdie opsie. Kontak ons om uit te vind of u vir hierdie opsie in aanmerking kom.

# Wat u nog moet weet

## Hoe u belas word wanneer u u aftreespaargeld as kontant onttrek

Gedurende u leeftyd kan u 'n totaal van R550 000 van u aftreespaargeld met aftrede neem sonder dat u belas word. Alle bedrae wat u as kontant onttrek (meer as R27 500) voor u aftree, sal hierdie bedrag verminder. Hoeveel u belas word, hang af van hoeveel u neem en wanneer u dit neem.

**Die belastingkoers word in die tabel oor aftreebelasting hier onder getoon.**

Wanneer u aftree	
Hoeveel u neem	Belastingkoers
R1 - R550 000	<b>0% van kontant geneem</b>
R550 001 - R770 000	<b>18% van kontant geneem b6 R550 000</b>
R770 001 - R1 155 000	<b>R39 600+ 27% van kontant geneem b6 R770 000</b>
R1 155 001 and above	<b>R143 550 + 36% of cash taken above R1 155 000</b>

Wanneer die SAID die betaalbare belasting op die tabel bepaal, sal dit vorige onttrekkings uit aftreefondse en diensbeëindigingsvoordele van u werkgever in ag neem.

## Foos en heffings

### Adviesfoos

#### Aanvanklike adviesfoos

Dit is vir die aanvanklike advies wat u finansiële adviseur aan u gee. Dit is 'n persentasie van die geld wat u belê, en die werklike persentasie word tussen u en u adviseur afgespreek.

#### Jaarlikse adviesfoos

Dit word maandeliks van u beleggings afgetrek. Die foos is 'n persentasie wat tussen u en u adviseur afgespreek word.

### Adminstrasiefoos

Dit is die foos wat aan die fondsadministrateur betaal word.

Die foos word bereken en maandeliks van u beleggings afgetrek.

### Beleggingsbestuurfoos

Dit is die foos en heffings van die bestuurders van die beleggingsportefeuljes. Dit word in die fonds se inligtingsblaaie van elke portefeulje uiteengesit en kan van tyd tot tyd verander.

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) word by foos gevoeg waar dit van toepassing is.

## Important tip

**Now that you're leaving your employer you may be rethinking a lot of things. Here are some factors to consider for achieving your retirement goals:**

keep your retirement savings invested whenever you can

contribute the most that you can to your savings

ensure you are protected for emergencies by having adequate insurance and savings

manage debt effectively

speak to a financial adviser to help you prioritise your needs and make decisions that are right for you



## Kontak ons

### Vrae oor u aftreefonds

#### Kliëntekontaksentrum

Tel: 0860 100 333

E-pos: [admin@alexforbes.com](mailto:admin@alexforbes.com)

### Finansiële advies

#### My Money Matters-sentrum

Tel: 0860 000 381

E-pos: [mymoneymatters@alexforbes.com](mailto:mymoneymatters@alexforbes.com)

Skandeer hier



Alexander Forbes Finansiële Dienste is 'n gelisenseerde verskaffer van finansiële dienste (FSP 1177). Hierdie dokument word nie as advies bedoel nie. Indien daar enige verskille is tussen hierdie dokument en die kontrakte en reëls van enige produk of diens, sal die kontrakte en reëls altyd van krag wees. Die inligting in hierdie dokument behoort aan Alexforbes. U mag nie enige deel van hierdie dokument kopieer, versprei of wysig sonder ons se uitdruklike skriftelike toestemming nie.